ETIESE- EN GEDRAGSKODES

Deur as lid van die NSV aan te sluit, of in te skryf vir ’n Skou onder beskerming van die NSV of op te tree as Beampte beteken jy;

1. Mag nie die reëls wat op enige Skou of byeenkoms van krag is, opsetlik of nalatig oortree nie.

2. Moet jou by Skoue en byeenkomste betaamlik (passend) en welvoeglik (ooreenkomstig die goeie sedes / welgemanierd) gedra.

3. Mag nie, in welke hoedanigheid ook al, onder die invloed van sterk drank of ander verdowingsmiddels aan Skoue of byeenkomste deelneem en / of daar tydens optree nie.

4. Mag nie vir die duur van die Skou of byeenkoms enige deelnemer, perde eienaar, afrigter, Beampte, Beoordelaar of amptenaar beledig, verneder of op ’n onwelvoeglike / onwaardige wyse aanspreek of benader nie.

5. Mag nie gedurende die duur van ’n Skou of byeenkoms opdragte of beslisings van enige Beampte, Beoordelaar of amptenaar verontagsaam of bevraagteken nie, of sondanig persoon konfronteer, aanrand, intimideer en / of dreig nie.

6. Mag nie by ’n Skou of byeenkoms ’n perd op verbode wyse met verbode middels behandel nie. (Soos ooreenkomstig die “Prohibited Substance” reëls soos vervat in die SA Skoureëls.)

7. Mag nie op nalatige of opsetlike wyse die karaktertrekke, ouderdom, inbors, registreerbaarheid, registrasie, vertoning, kwaliteit, gesondheid, temperament of soortgelyke eienskappe van ’n perd foutiewelik adverteer of ’n wanvoorstelling daaromtrent maak nie.

8. Mag nie die naam van die NSV of Saalperd-ras by enige Skou of byeenkoms of andersins, deur middel van onbetaamlike gedrag en / of optrede van welke aard ook al, diskrediteer of in ’n swak lig stel nie.

9. Mag nie tydens die duur van die Skou of byeenkoms, selfone, elektroniese radio of digitale toerusting in die Skouring gebruik terwyl klasse aan die gang is nie (ander dan vir amptelike gebruik deur die beamptes en amptenare en / of as hulpmiddels vir liggaamlik gestremde persone.)

10. Wat as ’n party tot ’n kooptransaksie van ’n perd optree, moet aan die ander party openbaar of hy / sy in sy / haar persoonlike hoedanigheid, of in verteenwoordigende hoedanigheid as agent namens iemand anders, optree, m.a.w. in ’n ander hoedanigheid tot ’n kooptransaksie van ’n perd optree as dit wat aan die ander party verklaar is nie.

11. Sal nie, indien teen jou opgetree word op grond van ’n oortreding van die NSV se reëls, of hierdie reëls, enige siviel regtelike aksie vir skadevergoeding of genoegdoening of enige eis van welke aard ook al, vooruitspruitend uit sodanige optrede teen sodanige persoon, teen die Vereniging, en / of enige sub-organisasie daarvan en / of ’n Beampte, Beoordelaar, amptenaar of verteenwoordiger, daarvan hê nie.

12. Niemand mag vir die duur van die Skou met die Beoordelaar ’n gesprek hê aangaande enige perd op die Skou of die uitslag van ’n klas nie.

13. Alle Skoue het hul eie reëls met betrekking tot kommissie op transaksies wat gedurende die Skou gedoen word, verwydering van vee voor die einde van die Skou, lidmaatskap, toegang en protes. Daar word van elke NSV lid verwag om hierdie reëls te eerbiedig.